# Onderwerp 8:

## Mengsels en Waterbronne
## Vleilande - Deel 3

Graad 6

Video: les van skyfievertoning

https://youtu.be/7rgEuVzJx4o

Kliek hier om video te kyk

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Instruksies

- Jy moet self die werk in jou handboek deurlees of lees dit op hierdie skyfievertoning.
- Bestudeer alle sketse, figure en diagramme.
- Beantwoord die vrae in jou boek soos aan jou deurgegee.
- Skryf duidelik en leesbaar.
- Vra jou ouers om dit saam met jou deur te gaan waar jy sukkel.
- Die memorandum sal ook volg – jou ouers moet jou werk saam met jou nasien wanneer julle die memorandum ontvang.
- Vrae kan aan my gerig word op Dinsdae tussen 09:00-11:00 per e-pos of Class Dojo.

Laerskool Mikro Kopiereg ©



# Aktiwiteit - refleksie

**Aktiwiteit:**

1) Gaan soek iewers iets interessant en gaan vertel drie mense (buite graad 6 bv. jou ouers) hoe om waterbesoedeling te verminder. Jy kan hulle sommer bel met `n WhatsApp oproep.

2.) Jy moet hierdie mense dophou of hulle water bespaar en of hulle water besoedel. Die geveg teen besoedeling begin by die huis…

Gaan dink na oor die aktiwiteit van verlede week. Jy moet jouself evalueer en kyk of jy suksesvol was.

Uitkoms:

Hierdie aktiwiteit is `n deurlopende aksie wat daagliks in `n mens se lewe gebeur. Jy moet mense bewus maak t.o.v. besoedeling en jy moet hulle op hul foute uitwys as mense met ons waterbronne mors.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Belangrikheid van vleilande, bl. 96

## Sleutelwoorde

- **vleiland** 'n gebied wat die grootste deel van die jaar deur vlak water bedek word
- **landbou** boerderypraktyke soos beeste aanhou en eetgewasse verbou
- **industrie** fabrieke en besighede wat materiale en goedere vervaardig of verwerk
- **watergehalte** hoe veilig ons water is om te gebruik
- **vlei** 'n gebied van laagliggende gelyk grond wat sag en nat is

'n **Vleiland** is 'n gebied wat die grootste deel van die jaar deur vlak water bedek word. Moerasse, vlak mere en vleie is voorbeelde van vleilande. In Suid-Afrika is die bekendste vleiland die St. Lucia-vleiland in die iSimangaliso-vleilandpark in KwaZulu-Natal.

## Vleilande is belangrike natuurlike ekostelsels

Vleiland-ekostelsels is op die volgende maniere vir lewende dinge van belang:

- Vleilande verskaf 'n habitat en broeiplekke vir baie verskillende soorte plante en diere, veral voëls, paddas en vis.
- Vleilande is 'n waterbron vir plante en diere.
- Vleilande filtreer die water om dit te suiwer. Hulle verwyder beide oplosbare en onoplosbare stowwe uit die water.
- Vleilande werk soos reusesponse wat water stoor en oorstroming tydens swaar reëns verhoed.
- In droë seisoene wanneer daar nie veel reën is nie, help die water uit vleilande om riviere en stroompies aan die vloei te hou.



**Figuur 6** 'n Vleiland



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Belangrikheid van vleilande, bl. 96

- **biodiversiteit** al die verskillende soorte plante, diere en ander lewende goed wat in 'n ekostelsel bestaan

## Impak van die verlies aan vleilande op biodiversiteit en watergehalte

Soos die wêreldbevolking groter raak, word al meer grond vir behuising, **landbou** en **industrie** benodig. As gevolg hiervan het die wêreld oor die afgelope honderd jaar die helfte van sy vleilande verloor.

| Afrikaanse benaming | Engelse benaming |
|---|---|
| vleilande | wetlands |
| vleiland monding / estuarie | estuary |

**Video oor die belangrikheid van vleilande:**

https://www.youtube.com/watch?v=8UFWg4ITu2s

Wêreld vleilanddag word op 2 Februarie gevier!



**Figuur 6** 'n Vleiland



**Figuur 7** Vleilande word gedreineer om huisepaaie en fabrieke te bou

## Sleutelwoorde

- **vleiland** 'n gebied wat die grootste deel van die jaar deur vlak water bedek word
- **landbou** boerderypraktyke soos beeste aanhou en eetgewasse verbou
- **industrie** fabrieke en besighede wat materiale en goedere vervaardig of verwerk
- **watergehalte** hoe veilig ons water is om te gebruik
- **vlei** 'n gebied van laagliggende gelyk grond wat sag en nat is

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Belangrikheid van vleilande, bl. 96

## <u>Opsomming</u>

Gaan maak `n opsomming uit die notas, handboek en video en dui die belangrikheid van vleilande aan. Dit kan in `n paragraafvorm wees of jy kan dit puntsgewys opsom.

LW. Indien hierdie as `n eksamenvraag gestel gaan word, kan daar van jou verwag word om dit as `n langvraag te beantwoord. Dit kan tussen 6 en 8 punte tel.